Stop die misbruik van die Naam van die Here

Die Kerkbode, amptelike blad van die NGK, verteenwoordigend van miljoene gelowiges, het sy stem dik gemaak oor die misbruik van die Naam van die Here.

Die Kerkbode
Elektroniese Uitgawe

STOP! wangebruik van God se Naam

KAAPSTAD. - "Die herhaaldelike ydellike gebruik van God se Naam op televisie en in rolprente stomp ongetwyfeld sommige Christene se weersin *daarin af*. Maar diegene wat erns maak met die saak, ervaar dit telkens as 'n dolksteek. Dit gee my *sekerlik* aanstoot," het prof Johannes Froneman, dosent by die Skool vir Kommunikasiestudies aan die Potchefstroomse Universiteit, aan Die Kerkbode gesê.

Prof Froneman het gereageer op ds Jannie Pelser, predikant van die Rant-en-Dal-gemeente en bekende gospelsanger, se veldtog om handtekeninge bymekaar te maak van mense wat gekant is teen die ydellike gebruik van God se Naam in flieks, die elektroniese en gedrukte media. Hy het gesê hy stem saam met ds Pelser dat, as die eer van God se Naam op die spel is, Christene liewer nie fliek toe moet gaan nie. "Waarom moet ons onsself willens en wetens blootstel aan godslastering of enige ander aanstootlikhede? Ons het die keuse, ook as ons voor die TV sit. Daarom moet ons ten eerste in woord en daad nee sê vir enige TV-program en rolprent waarin ons geloofsoortuigings op blatante wyse geminag word.

En ons moet ons kinders leer om, selfs wanneer ons nie by is nie, daarvoor nee te sê deur af te skakel. Ons moet hulle leer dit is 'n geloofsdaad," het prof Froneman gesê. Hy het bedenkinge oor die algemene boikot van films omdat God se Naam dalk ydellik daarin gebruik word, het prof Etienne de Villiers, dosent van die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria, by navraag gesê. Hy meen wel dat spesifieke films geboikot kan word indien Christene vooraf oor die wangebruik van God se Naam in 'n spesifieke film ingelig word.

"Die vraag is egter wie vooraf dié keuring sal doen. Ek reken in hierdie opsig kan die Christelike media 'n groot rol speel om Christene te waarsku indien hulle kennis dra van godslasterlike films," het prof De Villiers gesê. Hy het gesê Christene kan nie verwag dat rolprentmaatskappye in die lig van Suid-Afrika se liberale Grondwet self films sal boikot wat God se Naam ydellik gebruik nie.

"Christene mag dalk hulle geloofwaardigheid verloor indien hulle teen die Grondwet se klousule van die vryheid van spraak beswaar maak. Ek sou wel massa-optrede teen spesifieke films ondersteun," het prof De Villiers gesê. Ook prof Pieter Potgieter, moderator van die vorige Algemene Sinode van die NG Kerk, meen iets daadwerkliks moet gedoen word om die misbruik van God se Naam in die media stop te sit.

"Ek het nie 'n probleem met die insameling van handtekeninge as protes teen godslastering nie. Dit is hoog tyd dat die kerk hieroor sy stem laat hoor. Ek meen egter 'n ekumeniese afvaardiging van Christelike kerke om by die betrokkenes te protesteer, sal dalk meer uitrig as 'n enkele kerk." Prof Christina Landman, hoofnavorser by die Navorsingsinstituut vir Teologie en Religie aan Unisa, het gesê God se Naam is heilig, en as mense dit as 'n vloekwoord gebruik of as 'n uitroep van verbasing, doen hulle God verskriklike geweld aan. "Ons ondermyn die skoonheid van God se Naam, en sommer ook die goedheid daarvan. Ek vind dit besonder aanstootlik as God se Naam so kommerloos oor die vloer geslinger word asof God ons drinkmaat is.

Die misbruik van God se Naam is 'n vorm van spirituele geweld teen Christene en hulle geloof, en Christene het die reg om hulleself daarteen te beskerm. "Ek meen dit is goed om 'n openbare aksie te loods oor die misbruik van God se Naam in films - ons moet dit net intelligent benader en onsself nie belaglik maak nie," het prof Landman gesê.

Prof Froneman stem hiermee saam en het gesê Christene moet by die regte plek kla. "Die Uitsaaiklagtekommissie se kode sê uitdruklik dat geen materiaal uitgesaai mag word wat die godsdienstige gevoelens van 'n deel van die bevolking aanstoot gee nie.

Teater antwoord stel teleur

Net voordat hierdie projek van stapel gestuur is het ons met die twee groot teater groepe, Ster Kinekor and Nu Metro, geskakel. Ons is vriendelik dog formeel geantwoord dat hulle aan die misbruik van die Naam van die Here in films wat vertoon word niks kan doen nie.

Ons is na die Film en Publikasie Raad verwys. Uiteraard is hierdie antwoord teleurstellend. Feit van die saak is dat die teatergroepe in naam van winsbejag weinig gevoel het vir die sentiment van gelowiges. Om Christene verder aan te raai om vertonings nie by te woon nie is 'n oorvereenvoudiging. Feit van die saak is dat swak en onvoldoende klassifikasie van films teatergangers onverhoeds betrap. Talle films wat tans vertoon word het geen aanduiding van gekruide en ongewenste taal nie. **Benewens ons versoek dat films behoorlik geklassifiseer moet word,** met inbegrip van'n afsonderlike aanduiding dat die Naam van die Here misbruik word, asook 'n minimum ouderdoms-beperking van 13 in sulke gevalle, sal gelowiges **noodgedwonge aandring op'n terugbetaling van toegangsgelde** waar inligting gebrek-kig is.

Dit gaan uiteraard nie oor die paar rand nie, maar 'n beginsel is ter sprake.

SAUK antwoorde stel teleur

Uiteraard is 'n mens baie dankbaar vir opbouende programme op TV. Die SAUK doen moeite om programme met goeie inhoud beskikbaar te stel. Die groot verskeidenheid van voorkeure moet aangespreek word en dit is sekerlik nie altyd maklik nie. Ons glo verder dat die SAUK erns wil maak met die sentimente van kykers. Ongelukkig stel die standaard antwoorde wat aangebied word teleur.

Hier volg 'n uittreksel uit 'n brief ontvang vanaf die SAUK geteken deur Dorothy van Tonder, Manager: Complaince & Liaison Policy and Regulatory Affairs:

Your letter of 15 August to the Minister of communications was referred to the SABC for a response after the Minister had noted the contents.

We have noted your allegation of blasphemy in some of our television programmes and films, and I should like to explain the SABC's position in the matter. Our Constitution guarantees freedom of speech and expression, and of the media, for South Africans. The censorship laws of the past, in terms of which scenes were cut from films, words excised or blanked out, and books and other publications banned, have been abolished. At the behest of the State the old censorship bodies (the Publications Control) Board, the Publications Appeal Board, and the late Directorate of Publications decided what people were and were not allowed to read, which films they could not see, and what they were permitted to hear and see on radio and television. **These Draconian laws and the bodies that enforced them were abolished.**

In place of censorship, there is now a new approach: the more bad language is used in a film or programme, the more risqué or violent it is, the later it is broadcast - **accompanied by clear warnings about the content**. There is, however, no provision in the law that empowers the SABC to cut anything at all out of programmes.

The SABC no longer has the right to act as the nation's conscience by removing bad language and everything it may arbitrarily deem inappropriate for people to watch or listen to. Everyone now has the freedom to decide for themselves whether they want to watch a programme or to switch off, after receiving clear and sufficient information about the content, in accordance with their own persuasions and system of values. The SABC does not take these decisions for the public any longer, and in fact may not do so.

It therefore does not have the right, either, to cut or block expressions such as "Oh my God!" "Good Lord!", "Jesus Christ!" etc. as that would be illegal censorship.

Bekende in rugby-kringe sê nee

Die bekende rugby kaptein Ruben Kruger sê onomwonde dat die misbruik van die Naam van die Here vir hom onaanvaarbaar is. Ruben het die verbeelding van Suid Afrika aangegryp toe hy na Lagos gegaan het met 'n brein tumor.

Nadat profeet TB Josua vir hom gebid het het sy gesondheid dramaties verander. Hy geniet sedertdien uitnemende gesondheid en het onlangs saam met sy vrou Lize 'n baba ryker geword. Dit is verblydend dat mense soos Ruben nie skaam is vir hul geloof nie.